**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appélnommer : A264/2012

In die appél tussen:-

**GODFREY MOLETSANE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** RAMPAI, WND RP *et* VAN ZYL, R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN ZYL, R

---

**AANGEHOOR OP:** 24 JUNIE 2013

---

**GELEWER OP:** 12 SEPTEMBER 2013

---

[1] Appellant het tereggestaan op 'n aanklag van die onwettige besit van 'n vuurwapen ter oortreding van Artikel 3, saamgelees met aanverwante artikels van die Wet op Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000 (die "Wet"). Dit is beweer dat hy op 20 Februarie 2011 te die taxi staanplek te Botshabelo in die onwettige besit was van 'n .22 rewolwer. Appellant het onskuldig gepleit, maar is op 16 Mei 2012

skuldig bevind soos aangekla. Hy is daarop op gemelde datum gevonnis tot sewe jaar gevangenisstraf.

[2] Appellant het by die Hof *a quo* aansoek gedoen om verlof om te appelleer teen die opgelegde vonnis, welke aansoek van die hand gewys is. Daarop het appellant 'n petisie tot hierdie Hof gerig ten einde verlof te verkry om teen die opgelegde vonnis te appelleer, waarop sodanige verlof toegestaan is op 14 September 2012.

[3] Uit die getuienis wat deur die Hof *a quo* aanvaar is, blyk dit dat Sersant Rapiletsa, wie ten tyde van die voorval nog 'n konstabel was en gestasioneer is te Misdaad Intelligensie, Selosesha, op Sondag, 20 Februarie 2011, voortspruitend uit inligting verkry, tesame met sy kollega vir appellant genader het waar hy teen 'n paal geleun het te die Botshabelo taxi staanplek. Nadat hy homself aan appellant voorgestel het en ook sy aanstellingskaart getoon het, het hy appellant se toestemming gevra om hom te visenteer. Voortspruitend uit hierdie visentering het hy aan appellant se middellyf op sy regterkant onder sy klerasie 'n .22 rewolwer gevind wat by die bokant van sy broek ingedruk was, met sy hemp wat aan

daardie kant bo-oor dit gehang het. Die hele wapen was geroes en het geen rondtes bevat nie. Appellant het daarop aangedui dat hy ‘n verduideliking rondom die vuurwapen wou gee. Dié verduideliking was tot dien effekte dat appellant die vorige dag, dit wil sê die Saterdag, die vuurwapen in `n swart vullissak by ‘n vullisplek te Dan Pienaar te Bloemfontein opgetel het en dat hy op daardie stadium wat die polisiebeamptes by hom opgedaag het, van plan was en oppad was om polisiestasie toe te gaan om dit te gaan inhandig. Sersant Rapiletsa het daarop vir appellant sy regte verduidelik, hom arresteer en hom na Botshabelo polisiestasie geneem. By die polisiestasie het dit uit die nagaan van die amptelike rekords geblyk dat die vuurwapen se regmatige eienaar vanaf Lichtenburg afkomstig was, maar dat die vuurwapen op daardie stadium nie as vermis of gesteel gerapporteer was nie.

Ten tyde van kruisverhoor was dit deur appellant se regsverteenwoordiger aan Sersant Rapiletsa gestel dat appellant die vuurwapen in ‘n vullisdrom naby die Botshabelo Stadion gevind het op dieselfde dag as wat hy gearresteer was. Hy was juis oppad om die vuurwapen by ‘n

polisiestasie te gaan inhandig op die stadium wat hy gearresteer is. Sersant Rapiletsa het hierop reageer deur te antwoord dat dit nie die verduideliking is wat appellant aan hom voorafgaande sy arrestasie verskaf het nie.

[4] Gedurende sy eie getuienis het appellant getuig dat hy op dieselfde Sondag as wat hy gearresteer is, terwyl hy vanaf J-seksie geloop het waar hy sy meisie gaan besoek het, die vuurwapen opgetel het. Sy weergawe hieromtrent, strydig met die stellings wat deur sy regsverteenwoordiger namens hom gemaak was, was dat daar ‘n appeldoos in ‘n oop veld naby Botshabelo Stadion gelê het, na welke appeldoos hy geskop het so in die loop. Hy het gevind dat die appeldoos effens swaar was en toe hy dit oopmaak, het hy die tersaaklike vuurwapen daarin gevind. Op die stadium wat hy gearresteer is, was hy oppad polisiestasie toe om die vuurwapen te gaan inhandig. Appellant het ook sy broer, Itumeleng George Moletsane, as getuie geroep. Volgens hom het appellant hom die tersaaklike Sondagmiddag geskakel en hom meegedeel dat hy ‘n vuurwapen naby die stadion opgetel het, waarop hy appellant geadviseer het om dit onmiddellik na die polisiestasie te neem. Gedurende die

aand van dieselfde dag het appellant hom weer geskakel om hom mee te deel dat hy gearresteer is.

[5] Daar was ‘n verskeidenheid weersprekings tussen die stellings wat appellant se regsverteenwoordiger aan die staatsgetuie gemaak het gedurende kruisondervraging en dit wat appellant gedurende sy getuienis in hoof en in sy kruisondervraging getuig het. Daar was ook aspekte in appellant se getuienis wat verskil het van die weergawe van die staatsgetuie, sonder dat die staatsgetuie hieromtrent gekonfronteer was by wyse van stellings gedurende sy kruisverhoor. Gegewe dat die onderhawige appèl nie teen die skuldigbevinding gerig is nie, is ek nie voornemens om in detail met hierdie verskille te handel nie. Ek volstaan daarmee dat ek van mening is dat die Hof *a quo* tereg appellant se weergawe verwerp het as synde nie redelik moontlik waar insoverre dit met die weergawe van die Staat verskil het nie.

[6] Die Staat het ‘n beëdigde verklaring in terme van Artikel 212 van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, as bewysstuk “A” ingehandig, welke verslag opgestel is deur Adjudant-Offisier

Martha Febe Molope, ‘n forensiese analis in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens. Met verwysing na die .22 rewolwer in hierdie appèl ter sprake, is daar onder andere as volg in die verslag vermeld:

“5.

I examined and tested the revolver mentioned in 3.1 and found:

5.1 The firing pin of the revolver mentioned in 3.1 is missing and because of this it was not able to discharge ammunition.

6.

I examined the mechanism of the revolver mentioned in 3.1 and found:

6.1 The device was manufactured or designed to discharge rim-fire ammunition”.

[7] Hoewel die rewolwer nie in ‘n werkende toestand was nie omdat die slagpen verwyder is, is dit steeds ontwerp om randvuur ammunisie af te vuur en voldoen dit dus aan die

definisie van “vuurwapen” soos verwoord in Artikel 1 van die Wet.

[8] Met bogemelde feite en gevolgtrekkings inaggenome, is ek dit eens dat die Hof *a quo* appellant tereg skuldig bevind het op die ten laste gelegde aanklag.

[9] Wat die opgelegde vonnis betref, blyk dit uit Artikel 121 gelees met Bylae 4 van die Wet dat ‘n maksimum vonnis van vyftien jaar gevangenisstraf opgelê kan word in die geval van ‘n skuldigbevinding aan die oortreding van Artikel 3 van die Wet. Hieruit blyk dit dus, soos tereg deur die Hof *a quo* in sy vonnis uitspraak vermeld, dat die Wetgewer die onwettige besit van vuurwapens in ‘n baie ernstige lig beskou. Soos egter ook deur die Hof *a quo* opgemerk, moet elke saak egter steeds op eie meriete hanteer word. Na my mening beteken dit ‘n objektiewe balans tussen die elemente van strafoplegging, synde die persoonlike omstandighede van die beskuldigde, die aard en erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap.

[10] Wat appellant se persoonlike omstandighede betref, is hy 34

jaar oud, ongetroud en het hy ‘n kind van 7 jaar oud wat hy onderhou. Appellant is saam met sy kind en sy ouma woonagtig, laasgenoemde wie pensioen ontvang. Die moeder van die kind is werkloos en word geen maatskaplike toelaag ten opsigte van die kind ontvang nie. Appellant het Graad 9 op skool geslaag. Hy was voorheen in Gauteng by Cresta Winkelsentrum werksaam vir ongeveer sewe jaar. Die afgelope vier maande voorafgaande sy arrestasie was appellant by ‘n tuindienste-onderneming in Bloemfontein werksaam en het hy R1 500.00 per maand verdien.

Appellant is nie ‘n eerste oortreder nie. Hy is op 27 September 2001 skuldig bevind aan aanranding met die opset om te ernstig te beseer en gevonnis tot twaalf maande gevangenisstraf waarvan ses maande gevangenisstraf voorwaardelik vir drie jaar opgeskort is. Op 6 Desember 2005 is hy skuldig bevind aan twee aanklagte van diefstal en twee aanklagte van die besit van vermoedelik gesteelde eiendom, welke oortredings almal op 13 September 2005 gepleeg was en saamgeneem was vir doeleindes van vonnis, waarop appellant gevonnis was tot drie jaar gevangenisstraf waarvan een jaar gevangenisstraf

voorwaardelik opgeskort is vir vyf jaar. Appellant is op 5 Desember 2006 op parooltoesig vrygelaat, laasgenoemde toesig welke gestrek het tot 5 Desember 2007.

[11] Wat die aard en erns van die misdryf betref, is dit `n ernstige misdryf is nie en het ek reeds verwys na die duidelik ernstige lig waarin die Wetgewer hierdie misdryf beskou. Ek aanvaar ook dat, soos deur die Hof *a quo* uitgewys, daar `n baie hoë voorkoms van hierdie misdryf in die Hof *a quo* se jurisdiksie gebied is. Die gemeenskap het uiteraard ook `n wesenlike belang daarin dat persone wat hul skuldig maak aan hierdie misdryf, gepas gestraf moet word.

[12] Die noodsaaklikheid dat vonnis geïndividualiseer moet word aan die hand van die bepaalde omstandighede van elke saak kan egter nie uit die oog verloor word bloot vanweë die erns van die misdryf en die veelvuldige voorkoms daarvan nie. Die Hof *a quo* het aan die einde van sy uitspraak ten opsigte van vonnis tot die volgende gevolgtrekking gekom:

> "Die regspraak wat handel oor die vonnisse weens die onwettige besit van vuurwapens is legio. Ek is van oordeel dat

> die vonnisse wat in die verlede opgelê is, nie langer as riglyn kan dien nie en dat daar noodwendig verskerpte vonnisse opgelê moet word."

Ek aanvaar dat daar in sekere gevalle bepaalde omstandighede tersaaklik by vonnis oplegging kan bestaan wat in daardie spesifiek geval `n verskerpte vonnis soos die onderhawige vonnis kan regverdig en inderdaad noodsaak. Ek egter dis nie korrek om in die afwesigheid van sodanige spesifieke omstandighede bloot `n algemene benadering dat `n verskerpte vonnis gepas is, te volg nie. Sodanige benadering versuim om die beginsel dat elke saak op sy eie meriete beoordeel moet word, na te kom.

[13] Die Hof *a quo* het verwys na die feit dat baie misdade gepleeg word met onwettige vuurwapens, ook onwettige vuurwapens wat nie in `n werkende toestand is nie, soos die vuurwapen in hierdie appél ter sprake. Die Verhoorlanddros het die volgende opgemerk in sy uitspraak op vonnis:

> "Ek kan my ook nie vereenselwig met die siening van sekere vonnisopleggers wat sê ja, maar alhoewel die persoon die wapen onregmatig besit het, het hy nog nie `n misdaad

> daarmee gepleeg nie. Moet daar nou eers gewag word totdat `n persoon `n misdaad met hierdie vuurwapen pleeg om dan teen hom op te tree. Sou `n persoon wat `n vuurwapen onregmatig besit `n misdaad daarmee pleeg ....dan word daar in elk geval so `n afgewaterde vonnis opgelê deurdat daar gewoonlik gelas word in byna al die gevalle dat die vonnis wat opgelê word weens die onwettige besit van `n vuurwapen, moet saam loop met die vonnis wat op die moord byvoorbeeld opgelê word.”

[14] Dis egter `n objektiewe feit dat appellant nie ook tereggestaan het op `n misdryf wat hy met die onwettige vuurwapen gepleeg het nie. Appellant kan nie gevonnis word asof hy wel sodanige misdryf gepleeg het of sou gepleeg het nie. Soos tereg deur Mnr Makhene, namens appellant betoog, moet dit verder ook in ag geneem word dat die hele vuurwapen geroes was, geen rondtes bevat het nie en vanweë die afwesigheid van `n slagpen, nie in `n werkende toestand was nie. Die omringende omstandighede tot die onwettige besit van die tersaaklike vuurwapen in hierdie bepaalde geval is dus na my mening juis versagtend ten gunste van appellant onderskeibaar van sodanige besit in die geval van baie ander sake wat teen die agtergrond van

baie ernstiger omstandighede plaasvind. Onder hierdie omstandighede kan appellant tog sekerlik nie gevonnis word asof hy `n moord of ander misdryf met die vuurwapen gepleeg het of sou gepleeg het nie.

[15] Met ‘n gebalanseerde inagneming van die al die relevante faktore by die oorweging van `n gepaste vonnis, is ek gevolglik van oordeel dat die opgelegde vonnis in die omstandighede van hierdie saak skokkend swaar en onvanpas is wat inmenging op appél regverdig en noodsaak.

[16] Derhalwe word die volgende bevele gemaak:

1. Appellant se appél teen die opgelegde vonnis slaag, die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met een van agtien (18) maande gevangenisstraf.

2. Voormelde vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 16 Mei 2012.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam:

**M.H. RAMPAI, WND RP**

| | |
|---|---|
| Namens die Appellant: | Adv. J.S. Makhene<br>In opdrag van:<br>Regssentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die Respondent: | Adv. S. Chalale<br>In opdrag van:<br>Kantoor: Direkteur van<br>Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |